basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# AFRIKAANS HUISTAAL
## Graad 12
## Hersieningsoefeninge

## Leesbegrip

## 2020

## Bronne: Provinsiale en DBE Eksamenvraestelle en Nasienriglyne

**Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die**

**Graad 12 Afrikaans Huistaal Vraestelle en Nasienriglyne:**

Vrystaat Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

Gauteng Departement van Onderwys

Department of Basic Education

**Oefening 1**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**SLAAP: ONS IS DIEP IN DIE SKULD**

1 Daar is 'n krisis in sprokiesland: Klaas Vakie gaan sy werk verloor. Hoekom? Mense slaap al minder.

2 Hierdie krisis is veroorsaak deur Thomas Edison wat meer as 'n eeu gelede die gloeilamp uitgevind het. Sedertdien slaap ons minder en minder. Edison het geglo slaap is onproduktief, 'n mors van tyd. In ons moderne, materialistiese wêreld word hierdie mening deur veral die korporatiewe wêreld misbruik, want hulle slagspreuk – Tyd is geld! – word toenemend geglo. Die ongelukkige gevolg? Mense slaap ál minder.

3 Arianna Huffington, navorser van slaappatrone en skrywer van *The Sleep Revolution*, is (anders as Edison en die korporatiewe wêreld) 'n passievolle kampvegter vir slaap nadat sy, weens 'n gebrek daaraan, ineengestort het. Nou glo sy dat mense snags sewe uur moet slaap. "Ons het 'n nuwe slaaprewolusie nodig sodat ons weer beheer oor ons lewe kan neem. Glo dit of nie, jy kán jou doodwerk."

4 Huffington skryf dat drie rewolusies agter ons slegte slaapgewoontes lê: die nywerheidsrewolusie toe die bevolking na stede met hul vinnige tempo gestroom het; tóé die tegnologierewolusie met, onder andere, die ontdekking van die gloeilamp en gevolglik langer dagure; uiteindelik het die virtuele, digitale rewolusie – die derde een – waar ons 24/7 aanlyn is, aangebreek. Digitale uitvindings maak dit deesdae makliker om jou werk oral saam te dra – jy gooi net jou selfoon en/of skootrekenaar in jou sak.

5 Ons verkeer, ongelukkig, in die waan dat slaap tydmors is, aldus Huffington. Sy voorspel 'n vierde rewolusie wat ons na beter slaaphigiëne – gewoontes en praktyke wat genoeg slaap op gereelde tye bevorder – sal teruglei. "Ons aanvaar dieet en oefening is belangrike pilare vir gesondheid. Slaap is die derde pilaar."

6 Huffington meen slaap is 'n basiese menslike behoefte. Jy voel knorrig as jy te min daarvan kry, en geïrriteerd as die bure se partytjie jou daarvan weerhou. Maar die uitwerking van te min slaap strek baie verder.

7 Dr. Hugo, psigiater en geheuedeskundige, verduidelik dat elke mens 'n spesifieke slaapbehoefte het en as dit nie bevredig word nie, word daar slaapskuld opgebou. Jou spesifieke slaapbehoefte is die hoeveelheid slaap wat jy nodig het om soggens uitgerus wakker te word. Te min hiervan veroorsaak slaapskuld. Volgens hom is die meeste van ons diep in dié skuld.

8 Navorsing toon 'n tekort aan slaap het 'n skrikwekkend negatiewe effek op die brein, waarvan knorrigheid, onstuimige emosies, vergeetagtigheid, die onvermoë om te konsentreer en 'n aangetaste geheue maar enkele voorbeelde is. Ná sewentien uur sonder slaap is 'n mens se vaardighede gelyk aan dié van iemand met 'n bloedalkoholvlak van 0,05% – genoeg om jou agter tralies te laat beland.

9 Hoeveel moet jy slaap? Die ideale hoeveelheid slaap verskil van persoon tot persoon, maar minder as ses uur vir Jan Alleman word deur kenners as 'n gedeeltelike gebrek bestempel. Babas slaap tot 16 uur per dag terwyl tieners sowat 10 uur per nag nodig het. Sekere noodsaaklike liggaamsiklusse van tieners, soos die afskeiding van groeihormone, kom ook net voor terwyl hulle slaap. Slaap help tieners om die geheue te rangskik, te verfris en om leervermoë te verbeter, sê Peet Vermaak, neurofisioloog van The Pretoria Sleep Lab.

10 Nog 'n kundige, dr. Jeff King, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Slaapgeneeskunde, sê dat slaap noodsaaklik is om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak. Ander navorsers het reeds bewys dat minder as sewe uur slaap per nag jou risiko vir vetsug, diabetes, hoë bloeddruk, hartsiektes en depressie verhoog. Slaap is dus nie 'n luukse nie, maar die eerste stap om wêreldwye gesondheidsprobleme te takel.

11 Te min slaap kan beslis jou oordeel en reflekse aantas. Studies toon dat mediese studente met 'n slaaptekort meer foute maak. Volgens Jan Top van die Panorama-hospitaal se slaapkliniek ly nagtelike skofwerkers aan uitputting, soortgelyk aan dié van mediese studente omdat hul liggame se normale blootstelling aan lig deurmekaar geskommel word. Moegheid by skofwerkers het al tot ernstige nywerheidskatastrofes, soos die kernkrag-ongelukke by Tsjernobil en Three Mile Island, gelei.

12 Drs. Rock en Siegal van die Mindsight Institute glo aan oefeninge wat kan help om jou brein optimaal te laat funksioneer en om jou brein te laat rus. Voldoende slaaptyd om die brein tyd te gee om te rus is nommer een op hul lys. "net soos jy nie dag én nag pizza kan eet nie, kan jou brein ook nie elke dag op min slaap lewe nie."

13 Karlien Fourie, 'n neurofisioloog, beveel die volgende vir 'n gesonde brein aan: "Hou jou slaapkamer donker en raak ontslae van enige afleidings soos selfone of televisie. Probeer om elke aand presies dieselfde tyd te gaan slaap en soggens dieselfde tyd op te staan. Skakel stimulante soos suiker en kafeïen uit."

14 Klaas Vakie se sandjies is nie te versmaai nie. Die tyd vandat jy saans jou bedlampie afskakel tot die oomblik dat jou selfoon jou die volgende oggend wakker biep, is tyd waarmee jy jou lewe verleng.

[Verwerk uit *Sarie,* September 2016 en *Die Burger,* 8 April 2016]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Bron: *Die Burger*, 6 September 2016]

**VRAE: TEKS A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Watter uitvinding was die oorsaak dat mense al minder begin slaap het? | (1) |
| 1.2 | Waarom is Huffington se mening in paragraaf 3 oor slaap geloofwaardig? | (1) |
| 1.3 | Hoe verskil Edison en Huffington se sieninge oor slaap? | (2) |
| 1.4 | Wat is die gevolg van ELK van die DRIE rewolusies ten opsigte van mense se veranderde slaapgewoontes? | (3) |
| 1.5 | Hoe ondersteun paragraaf 7 die titel van die teks? | (1) |
| 1.6 | Noem TWEE negatiewe gevolge wat min slaap vir tieners inhou. | (2) |
| 1.7 | Herlees paragraaf 10–11.<br><br>Wat is dr. King se standpunt oor slaap? Noem TWEE voorbeelde uit paragraaf 11 waar reflekse/oordeel aangetas word en haal EEN woord aan wat aandui dat slaapskuld 'n universele probleem is. | (4) |

1.8 Waarom word breinoefening deur die Mindsight Institute aanbeveel? (2)

1.9 Stem jy saam dat die hedendaagse mens in diep slaapskuld verkeer? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)

1.10 Is daar motivering in die teks vir die onderstreepte sin in paragraaf 14? Motiveer jou antwoord met behulp van paragraaf 10. (1)

1.11 Waarvan moet jy, volgens Karlien Fourie, afstand doen indien jy jou slaaphigiëne wil verbeter? (3)

1.12 Dink jy dat tieners die inligting in hierdie teks ter harte sal neem? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Die hond én die man in hierdie spotprent is knorrig.

Motiveer die stelling. (2)

1.14 Dink jy die gebruik van die straatnaam, Soeteruslaan, is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.15 Wat is die verband tussen paragraaf 6 in TEKS A en die situasie in TEKS B? (1)

1.16 Herlees paragraaf 10–11 (TEKS A).

Hoe stem die man in TEKS B se gedrag ooreen met dié van nagskofwerkers? Aan watter gesondheidsrisiko is die man in TEKS B blootgestel? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Oefening 2**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: RUBRIEK**

# Nataniël sê...

1 Dit blyk dat ons in die begin en aan die einde van ons aardse bestaan leef van uitsien tot uitsien, geleentheid tot geleentheid, baken tot baken. Vir 'n jong kind, voltyds besig om sy eerste herinneringe te skep en te stoor, is daar buiten roomys en spookasem geen beter ding as afwagting nie, opgewondenheid, nuuskierigheid, skoenlappers in die gestel, wakker lê en die ure omwens nie. Só word daar gereik na die groot oomblikke.

2 Tydens my kleintyd het 'n jaar net uit vier groot geleenthede bestaan, verjaardae (my eie sowel as dié in die dorpshuise waar daar groot gebak en gebrou is), Kersfees, kerkbasaar en kuier by my geliefde Ouma. Die res van die tyd is omgewens. Somtyds was die wag só groot en uitputtend dat dit die geleentheid heeltemal oorskadu het. Ek het met soveel afwagting uitgesien na Kersfees dat Oukersaand of Kersdag 'n volkome wasige gebeurtenis was. Ek het soos 'n dol hondjie met 'n uitsteektong van hoek na hoek gehardloop en niks beleef nie. Die oomblik was eenvoudig net te groot. Ek was nog nie op skool nie, toe het ek al sakgeld en optelgeld begin spaar om vir elke siel en wese wat ek kon onthou 'n geskenk te koop, goedkoop bog uit plastiek is toegedraai en beskilder en bestrik. Die wegsteek en geheimhouding was só opwindend, dat daar nie baie tyd was vir maatjies en hul lawwighede nie.

3 Later het skool en grootword verskyn en weer is daar geleef van geleentheid tot geleentheid, toetse, eksamens, atletiekdae en rugbywedstryde (dis nog steeds hoe ek myself die hel voorstel), redenaarskompetisies, nog toetse, nog eksamens. Uitsien het skaars geword en bekommernis was die nuwe leefstyl. Wat gaan ek doen ná skool? Watter universiteit kies ek? Waar kry ek 'n beurs om my studies te betaal? Hoe gaan ek 'n woonstel bekostig? (Wat van 'n koshuis? Is jy heeltemal mal?) Hoe kom ek oor die weg? Is daar genoeg geld vir 'n motor al is dit 'n gebruikte een? Wat van treinry? Met my unieke *outfits*? (Ek was toe al aktief met vreemd aantrek.)

4 Niemand besef dit betyds nie, niemand beplan dit nie, maar die kultuur van toekoms word so by ons ingedril vanaf die eerste dag al. Op só 'n ouderdom loop trou jy, op hierdie ouderdom koop jy eiendom, op daardie ouderdom is daar 'n baba en twee jaar later nog een! Spaar jy genoeg? Het jy al buitelandse aandele? Steek jy genoeg geld weg oorsee? Daar is goeters op pad, onvoorsiene uitgawes, oudag, oorlog, siekte. Is jy gereed? Is jou begrafnispolis in orde?

5 Intussen word die uitsien al hoe minder. Daar is nie tyd vir groot verjaardae nie, ons is te moeg vir 'n groot Kersfees, 'n groot kuier is óf te veel moeite óf te veel drank. Ons beplan nie meer ons eie dinge nie, daar is reeds te veel op die skool-, kerk-, of besigheidskalender. En dan moet ons elke dag oefen, anders word ons lywe oud, ons moet gesond eet, dis afgryslik, maar ons wil nie siek word nie, ons moet alle diëte volg, anders gaan ons dood, ons moet knyp dat dit bars, want ons het aftreeplekke

met vlak baddens en geen trappe nodig, ons wil nie ouetehuis toe nie. En dan skielik, BOEM!, word ons ingehaal, ons lywe word oud, ons word siek, ons gaan dood of ouetehuis toe. En ons het niks beleef nie, ons het net uitgesien, beplan, bekommer, beplan, wakker gelê, gewonder en beplan. Elke verjaardag of Kersfees is wasig.

6 Nataniel sê dat hy nou eers die moeilike, feitlik onmoontlike kuns van belewenis leer.

7 Dan is daar Dana Snyman. Hy beleef. Hy leef in die oomblik. En skryf oor doodgewone mense, soos hy, se oomblikke gevul met doodgewone dinge. Die banale, daaglikse dinge bly hom interesseer en dis waaroor hy skryf.. “Dis dalk maar hoe ek gebek is. Om klein te kyk, na klein gebeurtenisse.”

8 Die meeste van ons lewe maar só, sê Dana. “Daar’s ’n sekere banaliteit aan ons alledaagse lewens.”

9 In die laaste paar jaar het Dana *mindfulness* ontdek, sê hy, om sy donkerte te temper. “ ’n Modewoord, wat kwistig rondgegooi word. Maar agter die hele *mindfulness*-ding sit ’n klomp oerwaarhede – om in die oomblik te wees. Om op te hou karring aan innerlike pyn, eerder jou blik na buite te rig. As jy stil is, in die oomblik – selfs tussen mense – is jy oop vir die klein dramatjies rondom jou.”

10 Nóú, in hierdie wêreld waar daar geen waarborg is nie - jong, gesonde mense val om, families verloor 'n leeftyd se spaargeld in 'n oomblik, duisende vlug uit hul geboorteland, 'n bus ry oor 'n rooi lig - leer dat die wêreld maar mag stilstaan vir 'n heerlike ete, vir 'n lang gesprek, vir 'n middag van wegkruip, vir ontspoor met 'n sny koek. Môre kan wag, die hele aarde kan.

[Teks verwerk: www.sarie.com, www.netwerk.com]

1.1 Hierdie skryfstuk van Nataniël verskyn maandeliks in die Sarie-tydskrif. Wat word hierdie tipe skryfstuk genoem? (1)

1.2 Herlees paragraaf 1.

Waarna verwys die onderstreepte frase? Haal ’n woord uit paragraaf 1 aan wat by dié frase aansluit. (2)

1.3 Lys die dinge waaruit ’n jaar in die skrywer se kinderjare vir hom bestaan het. (4)

1.4 Wat impliseer die woord *wasige* (paragraaf 2) oor sy uiteindelike belewenis van die belangrike gebeurtenisse in sy lewe? (1)

1.5 Watter aspek van partytjies was die ware bron van genot vir die spreker? Haal ’n frase uit reël 7–10 aan om jou antwoord te ondersteun. (2)

1.6 Nataniël het net vir sy beste vriende geskenke gekoop. (3)

Bewys uit die teks dat hierdie stelling ONWAAR is. Haal ’n frase uit die teks aan om die tipe geskenke wat Nataniël gekoop het, te beskryf. (2)

1.7 Die skrywer beskryf sy belewenis van atletiek- en rugbydae as hel (paragraaf 3)

Watter eienskap van die skrywer kan ons hieruit aflei? (1)

1.8 Dink jy die retoriese vrae in paragraaf 3 is effektief? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.9 Som paragraaf 4 in een sin op. Gebruik jou eie woorde. (1)

1.10 Nataniël noem verskeie eise waaraan die moderne volwassene moet voldoen.

Noem TWEE van hierdie eise asook die rede waarom aan elke eis voldoen moet word. (4)

1.11 Waarom word die onderstreepte woord in paragraaf 5 met hoofletters en ’n uitroepteken geskryf? (1)

1.12 Herlees paragraaf 6 en paragraaf 9.

Stem Nataniël en Dana Snyman se idee met betrekking tot die *kuns van belewenis* ooreen? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Herlees paragraaf 9.

Wanneer kan ’n saak as ’n oer-waarheid beskou word? Wat is die voordeel van ’n oer-waarheid vir Dana Snyman? (2)

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

**Die volgende vrae is na aanleiding van TEKS B  op bl. 5 van hierdie vraestel.**

1.14 Waarom, dink jy, sal dit Dana Snyman baat om die geadverteerde produk te gebruik? (1)

1.15 Watter gebeure/omstandighede kan daartoe lei dat die liggaam addisionele voedingstowwe mag nodig hê (1)

1.16 Herlees paragraaf 6.

Wat is die funksie van die asterisk in hierdie paragraaf? (1)

1.17 Hoe weet jy dat die geadverteerde produk nie in alle winkels beskikbaar is nie? (1)

1.18 Herlees paragraaf 10 (Teks A) en paragraaf 2 (Teks B).

Skryf die boodskap van Nataniël neer wat by paragraaf 2 (Teks B) pas. (1)




[Uit: *Huisgenoo*t, 17 Augustus 2016]

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**Oefening 3**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**NAT AGTER DIE ORE, MAAR GELUKKIG GETROUD**

*Delia Joubert*

1 Hoe gouer jy jou reis saam met jou huweliksmaat begin, hoe beter kan julle saam groei en die aanslae van die lewe trotseer.

2 Bogenoemde stelling word bevestig deur Rolene Strauss, ons eie Mejuffrou Wêreld, wat verlede jaar op 23 aangekondig het dat sy en haar kêrel, D'Niel Strauss, gaan trou. Die bekende Springboksenter, Jan Serfontein (22), wat verlede jaar verloof geraak het aan Lani Scholtz, met wie hy sedert matriek uitgaan, het dieselfde besluit geneem.

3 Vir die huidige 30+-generasie lyk dit asof Rolene en Jan vroeg trou, maar deesdae is hulle nie meer die uitsondering nie. Dit is asof meer jongmense vroeg in hul twintigs die pad kansel toe vat.

4 Hoewel baie paartjies vandag jonk trou, is dit nog nie die norm nie. Deon Binneman, 'n sielkundige berader van Durbanville, voeg by: "My waarneming is dat mense nou op 'n vroeër ouderdom begin saamwoon, wat vanuit 'n verhoudingsperspektief op dieselfde as 'n huwelik neerkom."

5 Cindy Strydom, 'n kliniese sielkundige van Johannesburg, sê sy vermoed dis omdat die vorige generasie soveel later getrou het dat jongmense nou vroeg wil trou. "Die nuwe generasie rebelleer in 'n mate teen die norm. Maar net so het die vorige generasie, dié mense wat nou 30+ is, gerebelleer teen die tradisionele gebruik om vroeg te trou. Hierdie generasie se vroue het nie nodig gehad om te trou vir finansiële stabiliteit nie, want hulle was finansieel onafhanklik én dit het moontlik geword om later kinders te kry. Daarom wou hulle byna bewys jy hoef nie meer vroeg te trou nie."

6 Nicholas Kühne, ’n tendenskenner en besturende direkteur van die handelsbestuursmaatskappy *Wunderbrand*, stem met Strydom saam. “Elke generasie het ’n teenreaksie op die trou-ouderdom van vorige generasies. Daar is ongelukkig min navorsing oor die onderwerp, maar vanuit ’n tendens-oogpunt kan jy wel afleidings uit die verskillende generasies se trougewoontes maak. Ná die konserwatiewe 1950’s was dwelms, musiekfeeste en vrye liefde die in-ding in die 60’s. In die laat 70’s en 80’s het mense weer teruggekeer na ’n tradisioneler benadering tot trou. Dit is moontlik dat die jonger generasie ’n teenreaksie het op die gewoontes van die vorige een, wat weer later wou trou – of glad nie.”

7 Daar is verskeie redes wat deur jongmense aangevoer word om hulle keuses te ondersteun. “Kultuur en geloof speel ’n rol, maar die onderliggende redes is gekompliseerd. Dit maak vandag prakties sin om jonk te trou, want dis byna onbekostigbaar om voor die ouderdom van 35, op jou eie, ’n huis en ’n motor te koop,” sê Nicholas. Hy is van mening dat die Internet, en veral sosiale media, ook besig is om die tradisionele struktuur van die samelewing te laat verbrokkel. “Ons gesels baie meer aanlyn en kuier minder by mekaar as voorheen. Dit is dus moontlik dat jonger generasies op ’n vroeër ouderdom egte, persoonlike bande met ander jongmense wil vorm.”

8 Paartjies wat vroeg trou, is nie altyd voorbereid op die eise van die huwelik nie. Huwelike van jonggetroudes beland dikwels in onstuimige vaarwaters. Gelukkig is daar hulp vir jonggetroudes wat huweliksprobleme ervaar. Luzanne Liversage, ’n sielkundige berader van Johannesburg, meen berading is ’n goeie idee vir jong paartjies. “Paartjies wat voor die ouderdom van 25 trou, se kans om te skei is 50% groter as diegene wat later trou. Fisiek is jou prefrontale korteks, wat verantwoordelik is vir besluitneming en beplanning, eers op 25 ten volle ontwikkel. Dus is jou besluite as jongmens dalk nie so goed soos dié van iemand ouer as 25 nie.”

9 Jonger paartjies is meer geneig om vroeër die handdoek in te gooi as hulle ’n verhoudingsprobleem het, sê Deon Binneman. “<u>Dis moeiliker vir jongmense om verhoudings bo hulle eie belange te stel</u>. Dis noodsaaklik dat jongmense leer om die ander persoon se belange eerste te stel in plaas daarvan om op die eie ek te fokus.”

10 Om jonk te trou hét voordele, sê Luzanne. “Jy het meer energie vir jou kinders, en minder bagasie van vorige verhoudings sodat jy met ’n relatief skoon blaadjie jou verhouding kan begin. Wanneer jy in ’n verhouding met die regte mens is, en gelukkig genoeg is om hom of haar jonk te ontmoet en te trou, is daar iemand wat jou altyd bystaan en help om jou volle potensiaal te bereik. <u>Dan is die huwelik ’n veilige hawe waar jy jou eie mens kan wees</u>.”

11 Solank jongmense nie ’n sprokiesverhaal verwag nie en ’n realistiese beeld van die eie ek, die maat en verhoudings het, is die kans op ’n suksesvolle verhouding goed.

[Verwerk uit: *Sarie*, Januarie 2016]

**TEKS B: VISUELE TEKS**



**VRAE: TEKS A**

1.1 Wat is die voordeel van vroeg trou volgens paragraaf 1? (1)

1.2 Dink jy dit is gepas dat die skrywer van hierdie artikel na bekende persone as voorbeelde verwys? Motiveer jou antwoord. (2)

1.3 "… is hulle nie meer **die uitsondering** nie." (Paragraaf 3)

Haal VYF opeenvolgende woorde uit paragraaf 4 aan wat hierdie woorde weerspreek. (1)

1.4 Herlees paragraaf 4.

Hoekom is Deon Binneman se woorde in die laaste drie reëls van hierdie paragraaf 'n mening? (1)

1.5 Wat is die "norm" waarna Cindy Strydom in paragraaf 5 verwys? Watter ooreenkoms bestaan daar tussen vandag se jongmense en vorige generasies se jongmense se ingesteldheid jeens norme? (2)

1.6 Strydom (paragraaf 5) en Kühne paragraaf 6 stem saam dat dat die hudidige generasie vroeg trou omdat hulle teen die vorige generasie se later trou rebelleer.
In watter opsig verskil hulle sienings egter? (2)

1.7 Watter tendense uit die 1960's dra by tot die terugkeer na 'n tradisionele benadering van trou aldus paragraaf 6? (3)

1.8 Noem een finansiële én een sosiale uitdaging wat volgens paragraaf 7 tot die tendens van vroeg trou bydra.
Stem jy saam met die skrywer se mening oor dié twee uitdagings wat jy gekies het? Motiveer jou keuse van dié twee uitdagings. (4)

1.9 Hoekom, volgens Luzanne Liversage, is die kanse op 'n onsuksesvolle huwelik vir jongmense 'n moontlikheid? Wat kan jongmense doen om te voorkom dat hul huwelik misluk? (2)

1.10 Watter belangrike voorwaarde in paragraaf 9 is volgens Binneman nodig om 'n huwelik te laat slaag? (1)

1.11 Wat beteken die titel van die artikel? Hoe hou hierdie titel met paragraaf 10 verband? (2)

1.12 In paragraaf 10 gee Liversage die voordele wat aan vroeg trou verbonde is.

Watter ánder voordele, **volgens paragraaf 1 en 7**, is daar aan vroeg trou verbonde? (3)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter TWEE veranderinge, dink jy, sal die vrou in die man wil sien? (2)

1.14 Word daar, na jou mening, in hierdie spotprent teen vroue gediskrimineer? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.15 Indien jy paragraaf 9 van Teks A ingedagte hou, dink jy 'n huwelik soos in die spotprent, Teks B, gesuggereer, het 'n goeie kans om suksesvol te wees? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 In die lig van die onderstreepte uitsprake in paragraaf 9 en 10 van TEKS A, is die voorstelling van die huwelik in Teks B ironies. Gee redes vir hierdie stelling. (2)

**TOTAAL AFDELING A 30**

**Oefening 4**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**
Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.
**TEKS A: ARTIKEL**

# Klinkklaar Afrikaans

*'n Jonger geslag skeppende moedertaalsprekers maak klanke en woorde vir 'n brawe nuwe wêreld.*
*Teks deur LIEN BOTHA*

1 Op pad na hul huis in die Strand, ry jy verby woonstelblokke met name soos Blinkwater, Oranje en Welgelegen. Kronkel-kronkel in die rigting van klank, agter die musiektowenaars aan tot in die huis waar soveel musikante al kom saamsnoer het.

2 Riku Lätti is deur berge en dale sedert sy dae as filosofiestudent aan Wits. "Ek het nooit bedoel om musiek te maak nie en wou in die akademie gaan." Maar ŉ mens vermoed dat genetika sy behoefte bepaal het om heeltyds 'n orkes aan die gang te hou. Sy Estoniese voorsate was musikante, en hoewel musiek vir sy ma verpligtend was, het sy haar kinders laat begaan.

3 "My fokus was nog altyd om iets nuuts te probeer skep. Ek het nog nooit in ŉ *cover band* gespeel nie en dit is ook wat ek probeer doen met *Die Wasgoedlyn*." Hy gaan soek mense wat hul eie musiek maak, outentieke klank, nie iemand wat Maria Callas, die Spaanse operasangeres, foutloos nadoen nie. "Ek is in ŉ konstante staat van halfpad gereed om musikante te ontmoet. Jou lamp moet net vol olie wees."

4 *Die Wasgoedlyn* het sewe jaar gelede ontstaan met opnames vir ŉ TV-program in die Bosveld en die klankies van die veld vloei toe sommer mee as ingenooide musikant. "*Wasgoedlyn* is soos 'n *instamatic* klankfoto, druk die opnemer en dan is dit ŉ foto van 'n stukkie tyd wat werklik was, met sy skete en afbeentjies, die resultaat eintlik meer perfek as die stukkie waaraan jy hard getimmer het."

5 'n Lang lys produksies en toekennings getuig van Riku se vaardigheid en toewyding, onder meer ŉ SAFTA vir klankontwerp en die klankbaan van die fliek *Abraham*. Sy diskografie beslaan tien uitreikings, insluitende *Wasgoedlyn* se twee volumes, waarvan die nuwe reeks binnekort op televisie sal wees.

6 Jackie, Riku se ander helfte, het van kleins af chronies gesing, pragstukke met kryte geteken, gedigte en stories geskryf en haar sibbe tot trane gedryf met haar vervolgverhale elke aand voor slaaptyd. Dié fassinerende vrou, se maan-ouma, het Jackie deur haar stories bewus gemaak van die magiese elemente van die maan. Dit is heel waarskynlik waar sy haar kreatiewe gene geërf het. "Ons huis is vol chaos, maar ŉ lekker chaos."

7 Riku se drif slaan deur wanneer hy praat oor die negatiewe effek van die formaat van Afrikaans se gestandaardiseerde popmusiek, waarvan 60% van die liedjies uit Europa ingevoer en vertaal word. Dit is ongelukkig die soort musiek wat die botoon op die meeste radiostasies voer.

8 Die eerste rock 'n roll-groep in Kleinmond was *Tribal Echo*. Lede van die groep was jare lank betrokke by gemeenskapsontwikkeling en deel van 'n proaktiewe groep wat bendes en dwelms uit hul woonbuurt gehou het. Vandag word *Tribal Echo* se musiek in die tronke gespeel as deel van rehabilitasie! Die groep het baie ysters in die vuur en tree gereeld by verskeie kunstefeeste op. In 2016 het hulle die Woordfeestrofee ontvang vir deelname in *Kô, lat ons sing*, waarvoor Frazer Adam Small se gedigte getoonset is. "Oom Adam het my verryk, die ritme van sy *poetry* – dis rock 'n roll, kerkliedere, ghoema – dan kom jy agter hoe wyd sy inspirasie loop."

9 Dan is daar ook Jolyn Phillips, woordbreker van Blompark, gebore en getoë in Gansbaai en deesdae 'n gesoute pendelaar tussen Kaapstad en UWK, waar sy tans ingeskryf is vir haar doktorale studies – die eerste in haar familie.

10 Maar haar pad tot hier is oopgekap uit gedigte waarin sy moes beitel aan gebreekte ballades. "Eintlik is my tong 'n klomp tonge deurmekaar. Ek moes vrede maak met die Afrikaans wat ek het en dit was 'n wonderlike vryheid. 'n Mens praat dit, maar wanneer jy meer daaroor begin lees, besef jy wat hierdie jong taal al deurgemaak het; die Sestigers wat hulself vry moes skryf om 'n landskap oop te skryf vir jonger skrywers soos ek."


11 Klank bring haar by *Die Wasgoedlyn*. "Ek het gehou van toe Afrikaanse musiek digkuns was, en toe ek Riku se musiek hoor, het ek gedink dis hóé musiek moet klink."

12 Jolyn voel *Wasgoedlyn* is 'n argief van die land. "As jy wil hoor hoe die land op die oomblik klink, gaan luister na *Wasgoedlyn.*"

13 "*Tong-trilogie* is die vers wat ek vir myself gelos het om myself te vind. As ek teruggaan, gaan ek altyd na daai vers toe."

[Verwerk uit *Rooi Rose*, Oktober 2018]

**TEKS B: SPOTPRENT**




[Bron: *Volksblad,* 16 Mei 2016]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Herlees paragraaf 1 tot 3. Haal 'n frase aan om te bewys dat Riku Lätti nie ŉ maklike lewensreis gehad het nie. (1)

1.2 In paragraaf 2 word daar verwys na Riku Lätti se studies. Watter vakrigting het hy bestudeer en waarom het hy nie daardie akademiese pad gevolg nie? (3)

1.3 Watter afleiding kan die leser maak oor die feit dat sy ma verplig was om aan musiek deel te hê, maar het haar kinders laat begaan? (1)

1.4 Wat is die betekenis van die onderstreepte woord in paragraaf 3? (1)

1.5 Wat is Riku Lätti se ingesteldheid teenoor nuwe musikante? Motiveer jou antwoord deur na die teks te verwys. (2)

1.6 *Jou lamp moet net vol olie wees.* (Paragraaf 3)
Word hierdie sin denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord deur na die betekenis van die sin in konteks te verwys. (1)

1.7 Herlees paragraaf 4. Verduidelik die rede vir die geslaagdheid van die woordkeuse *ingenooide musikant*. Haal TWEE opeenvolgende woorde aan om te bewys dat die musiek baie visueel is. (2)

1.8 Riku Lätti is ŉ toegewyde en vaardige musikant. Motiveer waarom hierdie stelling as ŉ geloofwaardige stelling gesien kan word. (2)

1.9 Herlees paragraaf 6. Wat word bedoel met die woorde dat Jackie Riku se ander helfte is en watter verskil is daar tussen hulle wat die uitoefening van hul kuns betref? Waaraan word haar kreatiewe vermoë toegeskryf? (4)

1.10 Wat word gesuggereer deur die volgende stelling in paragraaf 6: *Sy het haar sibbe tot trane gedryf met haar vervolgverhale elke aand voor slapenstyd.*? (1)

1.11 Wat impliseer die woord *drif* in paragraaf 7 oor Riku Lätti se gemoedstoestand? Hoe verskil sy eie manier om Afrikaanse musiek te skep van die huidige tendens van Afrikaanse gestandaardiseerde Afrikaanse popmusiek? (3)

1.12 Is die slotsom waartoe die skrywer kom oor die rock 'n roll-groep *Tribal Echo* oor gemeenskapsontwikkeling objektief? Motiveer jou antwoord. (2)

1.13 Herlees paragraaf 10-12. Oorweeg die gepastheid van Jolyn Phillips se woorde in paragraaf 12 dat ”Die Wasgoedlyn ŉ argief van die land is” met ŉ gepaste motivering. (2)

1.14 Haal ŉ woord uit paragraaf 13 aan wat die onderstreepte sin in parargraaf 10 ondersteun. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.15 Watter boodskap wil die spotprentkunstenaar oordra as jy die liedjies se name **en** visuele beelde in ag neem? (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.16 Verduidelik hoe TEKS B by *Die Wasgoedlyn* TEKS A (paragraaf 12) aansluit. (1)

1.17 Die *Volksblad* verwys na 90% plaaslike musiek wat deur die SAUK gespeel word. Dink jy die aanname is korrek? Verwys in jou antwoord na beide tekste. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**Nasienriglyne**

## Oefening 1
## AFDELING A: LEESBEGRIP

| VRAAG 1 *(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)* | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Die ontdekking van die gloeilamp √ | 1 |
| 1.2 | Sy was self die slagoffer van min slaap./<br>As navorser/skrywer/kenner is sy bekend met slaappatrone./slegte slaap-gewoontes. √ | 1 |
| 1.3 | Edison glo dat baie slaap tot onproduktiwiteit lei terwyl Huffington glo dat jy deur slaap beheer oor jou lewe neem.<br>Edison glo dat slaap tydmors is, maar Huffington glo dat goeie slaaphigiëne juis 'n belegging in jou gesondheid is. √√ | 2 |
| 1.4 | Die (vinnige) tempo van die nywerheidsrewolusies het tot minder slaap gelei. √<br>Die ontdekking van die gloeilamp (tydens die tegnologierewolusie) het langer werksdae./meer werksure per dag tot gevolg gehad. √<br>As gevolg van die digitale era is mense 24 uur aan die gang./werk mense oral./permanent. √<br><br>*Die kandidaat moet die gevolg van elke rewolusie beskryf.* | 3 |
| 1.5 | Die paragraaf gee die rede vir slaapskuld./<br>Die paragraaf verskaf 'n verduideliking van wat met slaapskuld bedoel word./<br>Die titel word in die paragraaf herhaal./<br>Die kundige se uitsprake verleen geloofwaardigheid aan die titel./ondersteun die titel. √ | 1 |
| 1.6 | Sekere noodsaaklike liggaamsprosesse kan nie plaasvind nie./<br>Die afskeiding van groeihormone kan nie plaasvind nie.<br>Die geheue word nie verfris nie./<br>Leervermoë verbeter nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE gepaste negatiewe gevolge vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Dr. King glo slaap is noodsaaklik (om van gifstowwe in jou liggaam ontslae te raak). √<br><br>**EN**<br><br>Mediese studente wat min slaap maak meer foute. √<br>Moegheid by skofwerkers/nagskofwerkers het al tot groot rampe/ nywerheidskatastrofes/kernkragongelukke/by Tsjernobil/Three Mile Island gelei. √<br><br>**EN**<br><br>"wêreldwye" √ | 1<br><br><br><br><br>2<br><br><br>1 |
| 1.8 | Dit verseker dat jou brein optimaal funksioneer. √<br>Jou brein moet geleentheid kry om te rus. √ | 1<br>1 |
| 1.9 | Ja<br>Die digitale tydperk waarin ons leef, veroorsaak dat mense nie genoeg slaap nie.<br>Tegnologiese vooruitgang maak dit makliker om snags te kommunikeer/werk.<br>Die tegnologiese era veroorsaak verhoogde werksdruk wat lei tot strenger spertye en dus minder slaap.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is baie mense wat met minder as ses uur se slaap normaal kan funksioneer.<br>Daar is ouer mense en jong kinders wat genoeg slaap en nie slaapskuld het nie.<br>Nie alle mense het toegang tot tegnologie wat hulle uit die slaap hou nie.<br>Afgetrede persone het gewoonlik goeie slaapgewoontes hoewel 'n mens minder slaap wanneer jy ouer word. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke DRIE motiverings vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.10 | Ja<br>(Dr. Jeff King meld dat) genoeg slaap gifstowwe uit die liggaam verwyder (wat 'n gesonder liggaam/langer lewe verseker)./(Ander navorsers bevind) genoeg slaap verminder jou risiko op vetsug./diabetes./hoë bloeddruk./hartsiektes./depressie./ eietydse siektes.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Daar is nie voldoende mediese navorsing as bewys nie./<br>Bewyse is beperk tot afleidings van 'n kardioloog./<br>Die studies/navorsing is nie wêreldwyd gedoen nie. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.11 | Selfone/televisie/alle vorme van media/stimulante/kafeïen/suiker √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Ja<br>Tieners besef nie dat te min slaap so gevaarlik kan wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die artikel spreek hoofsaaklik volwassenes wat al werk aan.<br>Die teikengroep vir hierdie teks is volwassenes, dus sal tieners nie die teks lees nie.√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Die hond verstaan die man wat hom skel./reageer op die man se aanval./<br>Die hond neem 'n aggressiewe houding teenoor die oumense in./<br>Die strepies/uitroeptekens om die hond se kop dui aan dat hy hard blaf./vies is./kwaad is./<br>Die hond staan regop teen die draad. √<br><br>**EN**<br><br>Die man wys met 'n reguit vinger na die hond./<br>Hy kla by sy vrou dat die hond hom pla./<br>Sy gesig dui op beswaardheid/frustrasie./<br>Sy mond hang van ontevredenheid.<br>Hy beledig die hond. √<br><br>*Die kandidaat kies EEN bewys by die hond en EEN bewys by die man.* | 1<br><br>1 |
| 1.14 | Ja<br>Dit beklemtoon die ironie/feit dat die man glad nie rus kry nie./<br>Dit beklemtoon dat die bure se hond hom nie rus toelaat nie./ondersteun die woorde van die man dat die hond nie sy versoek verstaan het nie./nie opgehou blaf het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die straatnaam het niks met die straatbewoners te make nie. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Albei tekste verwys na die knorrigheid van mense wanneer hul bure/ander faktore die oorsaak is dat hulle min slaap./<br>In TEKS A lei die bure se partytjies in die nag tot knorrigheid en min slaap terwyl die hond se aanhoudende geblaf in TEKS B die oorsaak is van knorrigheid en te min slaap. √ | 1 |
| 1.16 | Die man is uitgeput omdat die hond hom uit die slaap gehou het, terwyl skofwerkers uitgeput is vanweë nagtelike werksure./<br>Die man se oordeel is aangetas, terwyl die nagtelike skofwerkers se oordeel hul in die steek laat wat werksfoute tot gevolg het. √<br><br>Hartsiektes/hoë bloeddruk/diabetes/depressie/vetsug √ | 1<br><br>1 |
| | | **30** |
| | **TOTAAL:AFDELING A** | **[30]** |

**Oefening 2**
**AFDELING A: LEESBEGRIP**

| Vraag | Antwoord (Sien betekenis na en nie net woorde nie.) | Punt | Kognitiewe vlak | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.1 | Rubriek√ | 1 | 1 | | | | |
| 1.2 | As die skrywer nie kan wag vir die geleentheid om aan te breek nie./ Om senuweeagtig /benoud te wees. √ "afwagting"/"opgewondenheid" √ | 2 | | | 3 | | |
| 1.3 | Verjaarsdae √<br>Kersfees √<br>Kerkbasaar √<br>Kuiers by ouma √ | 4 | 1 | | | | |
| 1.4 | Hy kon selde onthou wat hy beleef het/ herinneringe is vaag √ | 1 | | 1 | | | |
| 1.5 | Baie eetgoed/lekkernye √<br>" …groot gebak en gebrou word". √ | 2 | | 1 | 1 | | |
| 1.6 | Hy het vir rondgehardloop en vir almal geskenke gekoop./ Hy het vir elke siel en wese wat hy on onthou, geskenke gekoop. √<br>"(goedkoop) bog (uit plastiek)" √ | 2 | | 1 | 1 | | |
| 1.7 | Hy is nie sportief nie/ hou nie van sport nie/hou nie van groot groepe mense nie √<br>*Enige EEN .* | 1 | | | 1 | | |
| 1.8 | Dit beklemtoon die skrywer se nsekerheid/<br>Verwardheid. √<br>Dit betrek die leser by die teks. √ | 2 | | | | 2 | |
| 1.9 | 'n Persoon word geïndoktrineer/ingedril om doelwitte na te streef./aan jou toekoms te dink./gereed moet maak vir jou toekoms. √ | 1 | | 1 | | | |
| 1.10 | Oefen elke dag √ - anders word ons lywe oud. √<br>Eet gesond √ - sodat jy nie siek word nie. √<br>Spaar genoeg/leef spaarsamig√ - want jy wil nie ouetehuis toe gaan nie. √<br>Volg alle diëte √ - anders gaan jy dood. √<br><br>(Enige TWEE met die rede) | 4 | | 2 | 2 | | |
| 1.11 | Dit sluit by skielik aan./<br>Dit dui op die skielike besef van die mens./ | 2 | | | 2 | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Dit dui op die skok dat ons niks beleef nie./<br>Dit trek aandag. √√ | | | | | | |
| 1.12 | Ja.<br>Albei is van mening dat jy in die oomblik moet leef. √ | 1 | | | | 1 | |
| 1.13 | ’n Waarheid wat vir alle tye/mense/van lankal af, geldig is. √<br>Jy’s oop vir die klein dramatjies om jou. √ | 1<br>1 | | | 1 | 1 | |
| 1.14 | Die produk sal sy donkerte temper./sy emosionele funksies in stand hou. √ | 1 | | | | 1 | |
| 1.15 | Ouderdom/<br>Siekte/<br>Chirurgie √ | | | | | | |
| 1.16 | Die leser word na die ekstra inligting aan die einde van die teks gelei. √ | 1 | | | 1 | | |
| 1.17 | Die woord “selektiewe” word gebruik. | 1 | | | 1 | | |
| 1.18 | Maak tyd vir jouself./<br>Môre kan wag, die hele aarde kan. √ | 1 | | 1 | | | |
| **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | | | | | | |

**Oefening 3**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

- 
- 
- 
- 
- 

| VRAAG 1 *(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)* | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Paartjies kan saam groei./<br>Paartjies kan saam die aanslae van die lewe trotseer. √ | 1 |
| 1.2 | Ja<br>Dit wek dadelik die leser se belangstelling./<br>Dit maak die kwessie wat bespreek word werklik/geloofwaardig./<br>Lesers wil met hierdie bekendes identifiseer./<br>Bekendes dien as rolmodelle. √√<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Openbare figure kan geweldig benadeel word deur so artikel./<br>Dit kan openbare figure in 'n groot verleentheid stel indien hulle sake so die openbaar bespreek word./<br>Doodgewone mense is reeds so moeg bekendes se stories dat hulle belangstelling in die teks kan verloor. √√<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.3 | *nog <u>nie die norm</u> nie* √<br><br>*Die onderstreepte woorde moet deel van die kandidaat se antwoord vorm.* | 1 |
| 1.4. | Dit is nie inligting wat bewys is nie./<br>Dit is 'n persoonlike waarneming./<br>Sy waarneming is nie deur navorsing getoets nie. √ | 1 |

2017 -03- 2 2

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Die vorige generasie het op 'n baie later ouderdom getrou. √<br><br>Vandag se jongmense rebelleer ook soos die vorige generasie. √ | 1<br><br>1 |
| 1.6 | Strydom sê dat die vorige generasie wou bewys dat mense nie jonk hoef te trou nie. √<br>Kuhne is van mening dat jongmense in teenreaksie juis vroeg wil trou. √ | 1<br>1 |
| 1.7 | Ná die konserwatiewe 1950's, was <u>*vrye liefde*/*dwelms*/*musiekfeeste*</u> die in-ding in die 60's./Ná die *vrye liefde* van die 60's het die mense in die 70's en 80's teruggekeer na 'n tradisionele gesinslewe. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige gepaste DRIE voorbeelde vir een punt elk aan.* | 3 |
| 1.8 | Dit is onbekostigbaar om op jou eie voor 35 'n huis en/of 'n motor te koop. √<br><br>Internet/Sosiale media is besig om die tradisionele struktuur van die samelewing te laat verbrokkel./Kultuur/Geloof speel 'n rol. √<br><br>Ja<br>Die meeste jongmense kry nie groot salarisse nie./<br>Baie jongmense sukkel om huis- en motorpaaiemente te bekostig.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Ek weet van baie jongmense wat voor die ouderdom van 35 eiendom en/of voertuie besit. √<br><br>*Die kandidaat bied eie motivering binne konteks (finansiële) vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Aangesien almal op die internet boer, verbrokkel die samelewingstrukture.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nie almal het toegang tot die internet nie, so dit kan nie samelewingstruktuur laat verbrokkel nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie motivering binne konteks (sosiale) vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.9 | Nie altyd voorbereid op die eise van die huwelik nie.<br>'n Mens se prefrontale korteks is eers op 25 ten volle ontwikkel./<br>Jou besluite as jongmens is voor 25 dalk nie so goed nie. √<br><br>Hulle moet vir berading gaan. √ | 1<br><br>1 |
| 1.10 | Die fokus in die huwelik moet op die ander huweliksmaat wees./<br>Jongmense moet hul huweliksmaat se belange bo dié van hul eie stel. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.11 | Mense wat op 'n jong ouderdom trou, is gelukkig. √ | 1<br><br>1 |
| 1.12 | Die getroudes kan voor 35 'n huis koop./<br>Paartjies<br>Paartjies<br>Paartjies | 3 |
| 1.13 | Hy moet sy klere/baadjie/skoene/das bêre, nie laat rondlê nie./<br>Die vrou wil graag 'n gesindheidsverandering (t.o.v. huislike take/sy vrou) in die man sien./<br>Hy moet sy vrou (in die huis) help./<br>Hy moenie sy bord op die koffietafel laat lê as hy klaar geëet het nie./<br>Hy moenie so vet wees nie./moet homself beter versorg. √ | 1 |
| 1.14 | Ja<br>Die vrou word as ontevrede/moeilik/veeleisend/negatief/sarkasties uitgebeeld./<br>Die vrou word uitgebeeld as die enigste een wat moet opruim.√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord binne konteks aan.* | 1 |
| 1.15 | Nee<br>Geen huwelik kan met soveel negatiwiteit/ontevredenheid/selfsug slaag nie./<br>'n Huwelik waar een van die partye moet verander/nie aanvaar word vir wie hy/sy is nie, kan nie suksesvol wees nie./<br>Die man regverdig sy mening uit die koerant wat daarop dui dat hy nie sy vrou se belange eerste stel nie./fokus op die eie ek./<br>Die vrou voer 'n skrikbewind in die huis wat 'n gelukkige huwelik ondermyn.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1 |
| 1.16 | (Binneman is van mening dat) jongmense sukkel om die verhouding bo hul eie belange te plaas, maar hier is dit ouer persone wat steeds selfsugtig is. √ | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

2017 -03- 2 2

**Oefening 4**

| **AFDELING A**<br>**Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.** | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag 1** | **Antwoord** | **Punt** | **Vlak** |
| 1.1 | "…(is) deur berge en dale" ✓ | 1 | 1 |
| 1.2 | Filosofie ✓<br>Genetika het sy behoefte bepaal om heeltyds ŉ orkes aan die gang te hou. ✓<br>Sy Estoniese voorsate was musikante. ✓ | 3 | 1 |
| 1.3 | Dat sy nie ŉ keuse gehad het nie/<br>Dat musiek nie iets was waarvaan sy gehou het nie/<br>Dat sy gedwing was en dit nie uit vrye wil gedoen het nie, maar sy was nie voorskriftelik t.o.v. musiek vir haar kinders nie. ✓<br>(✓ of x – moet na ma en kinders verwys. *Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*) | 1 | 3 |
| 1.4 | Oorspronklik/vars/nuut/eie/uniek/eg/onvervals ✓ | 1 | 3 |
| 1.5 | Positief. ✓<br>Hy is in 'n konstante staat van halfpad gereed om musikante te ontmoet/<br>Hy gaan soek mense wat hulle eie musiek maak. ✓ | 2 | 1 |
| 1.6 | Konnotatief<br>Jy moet altyd gereed/bereid/kreatief wees (om nuwe musikante te ontmoet). ✓ | 1 | 3 |
| 1.7 | Dit is geslaagd omdat die veld deel geword het van die musiekopname. ✓<br>*instamatic* klankfoto ✓ | 2 | 2 |
| 1.8 | Hy het 'n lang lys produksies en toekennings ontvang./<br>SAFTA-toekenning vir klankontwerp en klankbaan ontvang. /<br>Sy diskografie beslaan 10 uitreikings. ✓✓<br>(*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir TWEE punte.*) | 2 | 1 |
| 1.9 | Hulle is getroud/ lewensmaats. ✓<br>Sy het geteken en hy het gesing. ✓<br>Sy het geskryf (gedigte en stories) en hy het gesing. ✓<br>Haar kreatiewe vermoë kan aan haar maan-ouma/ magiese elemente van die maan toegeskryf word. ✓ | 4 | 3 |
| 1.10 | Sy het vir haar boeties en sussies mooi stories vertel/<br>Sy kon baie mooi stories skryf/<br>Sy is talentvol en haar stories het mense laat huil/<br>Sy is baie kreatief en kan goed skryf ✓<br>(*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*) | 1 | 3 |
| 1.11 | Woede ✓<br>Hy is negatief oor die formaat van Afrikaanse popmusiek, want 60% is liedjies wat uit Europa vertaal word.<br>Dit is dus dan nie oorspronklik en uniek waarvan hy 'n voorstaander is nie. ✓✓<br>Sy musiek is oorspronklik/uniek teenoor die (ingevoerde) vertaalde liedjies. ✓✓ | 1<br>2 | 2<br>3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | ( ✓ of x – *Die kandidaat moet die verskille aandui vir TWEE punte.*) | | |
| 1.12 | Ja, hy is objektief.<br>Hulle is betrokke by 'n proaktiewe groep wat bendes en dwelms uit hul woonbuurt gehou het. ✓<br>Hulle musiek word vandag in tronke gespeel as deel van rehabilitasie. ✓ | 2 | 5 |
| 1.13 | Dit is gepas want dit vertel die geskiedenis van die land/ vertel wat tans in die land gebeur/dat mense in die toekoms van hulle kan leer/iets wat in die argief is word bewaar soos wat hulle musiek tydloos is/dit kan ook verwys hoe die taalgebruik tans is/oor tyd verander het. Verwys na die geskiedenis van die taal/wat die taal reeds moes deurmaak/daar word na hulle verwys as die kunstenaars van die Sestigers wat 'n taal moes oopskryf sodat nuwe kunstenaars daarop moes bou. ✓✓<br>(*Enige twee motiverings. Die motivering bepaal die punte.*) | 2 | 5 |
| 1.14 | Tong-trilogie ✓ | 1 | 2 |
| 1.15 | Die taal (Afrikaans, Kaapse Afrikaans, Tswana) verteenwoordig die verskeidenheid kulture/mense in Suid-Afrika. ✓/<br>Die verskillende musiek pas by die uniekheid van die mense in Suid-Afrika. ✓ | 2 | 5 |
| 1.16 | Visuele beelde wys dat alle kulture/mense hier die musiek geniet. Die Wasgoedlyn verteenwoordig die land/argief van die land en sluit baie mense van verskillende kulture in soos deur TEKS B (se dansers van verskillende kulture) voorgestel word. ✓<br>(*Die kandidaat moet na beide tekste verwys vir 1 punt*) | 1 | 3 |
| 1.17 | Die aanname is verkeerd, want teks B verwys na 90% **plaaslike** musiek en in teks A verwys hy na 60% **ingevoerde/vertaalde** musiek. ✓<br>(*Die kandidaat moet na beide verwys vir 1 punt*) | 1 | 3 |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** |